Vol 06/2018 | 20/04/2018

PEDITATUS ON THE RUN

Official Newsletter of the Association

KOM OP PARADE

Wie is die Nasionale Uitvoerende Raadslede aan stuur van die SAIV sake?
Oor die volgende paar uitgawes sal hulle aan u bekend gestel word.

Welsyn

Stephan Maasdorp is in Februarie 1955 in Brandfort in die Vrystaat gebore. Sy vormingsjare en skolastiese opleiding ontvang hy in Bloemfontein waarna hy verpligte militêre opleiding in Kimberley, Outshoorn en Bloemfontein doen. Sy militêre loopbaan sluit verskeie kampe, kursusse en grens oorlogsdiens in.

Hy begin sy basiese opleiding by Danie Theron Krygskool te Kimberley. Daarna word hy gekeur en voltooi sy Junior Leierskursus by Infanterieskool in Oudtshoorn. Na voltooiing van die kursus, word hy instrukteur met die rang van onder-korporaal.

Hy word na 1 SA Infanterie Bataljon in Bloemfontein oorgeplaas en word na korporaal bevorder. Daar dien hy as Transport Onderoffisier tot die einde van sy verpligte een jaar militêre diesplig. Hy word by 2 Regiment Bloemspruit wat later verander word na Regiment Dan Pienaar (RDP), ingedeel. In RDP doen hy 6 drie maande Grensdienskampe, 1 maandkamp, en 4 maandkursusse.

Hy word verplaas na die Kwartiermeester afdeling en vorder tot die rang van AO2. Tydens sy militêre burgermagdiens word verskeie medaljes aan hom toegeken, onder andere die Pro Patria medalje, Suider-Afrika medalje, Unitas medalje en die John Chard medalje.

Stephan begin in 1975 in die bankwese by die destydse Barclays Bank te werk. Hy word gereëld vir verpligte militêre dienstydperke opgeroep. Barclays Bank het verander na First National Bank en met tyd het Stephan na die rekenaarafdeling oorgeskuif. Hy word bevorder tot Nasionale Hoof van Tegnologie, Suid Afrika en beklee hierdie pos tot sy aftrede. Stephan word oorgeplaas na die Opleidingsafdeling by FNB en begin om verskeie kursusse by te woon, waaronder, ‘n sielkundige opleidings program; genaamd Neuro Linguistic Programming (NLP). Terselfde tyd woon hy ook ‘n Theophostic Counselling kursus by. Na aanleiding van hierdie kursusse is Stephan daarvan oortuig dat innerlike genesing slegs moontlik is deur die werking van die Drie-Enige-God en dat kennis bekom deur sielkunde, ‘n hulpmiddel is.

Hy behaal sy Honneurs Graad in Funksionele Terapie en Berading in 2006 by UNISA. In 2008 behaal hy sy Meesters graad in Terapeutiese Berading in by die Potchefstroomse Universiteit en voltooi daarna sy PhD (Doktoraal) in 2010 in Pastorale Berading. Hierdie grade word verwerf terwyl hy nog voltyds in diens van FNB was.
Hy doen daarna 'n vyf jaar opleidingskursus in Pastorale Berading deur Radio Kansel se opleidingsafdeling (ABBO). Sedert sy vroeë aftrede in Junie 2013, is hy voltyds met Pastorale Berading vanaf sy huis, besig.

Van sy spesialiteits velde sluit in:

- Christian Life skills,
- Life coaching,
- Temperament en persoonlikheidsontleding,
- Liefdestale in verhoudinge,
- Persoonlike organigrame,
- Paradigma skuiwe,
- Moralisme,
- Huweliksberading,
- Depressie begeleiding,
- Lydingsberading,
- Verslawing,
- Funksionele terapie en
- Geleiding in die soeke na identiteit.

Stephan en Lea is geseënd met 3 kinders; Wentzel; Josia en Aretha. Hulle oudste seun, Wentzel, is in 1982 gebore met Downs Sindroom, en word tans tuis deur sy ouers versorg. Wentzel werk egter voltyds by 'n glasfabriek in Roodepoort. Beide Josia en Aretha is getroud en woon en werk in Dubai.

ALGEMENE JAARVERGADERING / ANNUAL GENERAL MEETING

Die volgende Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Infanterievereniging is geskeduleer om op 19 Mei 2018 om 10:00 plaas te vind. Dit sal by die Bronberg Wynlandgoed te Pretoria gehou word.

The next Annual General Meeting of the South African Infantry Association is scheduled to be held on 19 May 2018 at 10:00. The venue is Bronberg, Wynlandgoed, Pretoria.

TAK NUUS

Pretoria

Die volgende Hinderlaag vind dv op 2 Mei 2018 om 12:00 te Bronbergwynlandgoed, Pretoria, plaas.
Besprekings is noodsaaklik en moet met Geoff by Geoff@sainfantry.co.za bevestig word, asseblief.

REFLECTION

Sick Report

AO1 Colin Church is going for an operation on 18 April and the NUR wishes to express their best wishes and a speedy recovery. Colin manages the Ceremonial portfolio of the Association.

Last Post

The NUR expresses it sincere condolences with Brig. Genl. John Lizamore, the Associations President, with the passing of his mother.

Rantsoen Pakkie

To serve

- Servanthood does not nullify leadership, it defines it
- Jesus did not cease to be the Lion of Judah when He became the lamblike Servant of God
- Humility is not thinking less of yourself, but thinking of yourself less
- To serve in humility means that your actions and attitude will draw others' eyes and attention towards Jesus

There are more than 100 Bible verses about 'Serving Others" and even more about serving God;
For further reading, refer to the following Bible verses:

Jhn 13:12-14; Mat 20:28; Gal 5:13-14; 6:10; Heb 6:10; 1 Pet 4:10; 1 Sam 12:24; Act 20:35

Serve… and be blessed. Amen

PARADES

2018 Program

DATE	EVENT	VENUE	START TIME
22 April	Artillery Memorial Service	Potchefstroom	10:00
27 May	Commemoration Service	Voortrekker Monument	10:00
11 November	Remembrance Sunday (Poppy day)	Union Buildings	11:00
11 November	City of Jhb Nat Remembrance Service	Cenotaph Library Gardens	TBA

The Association Chairman, Maj. Johann Boshoff will lay a wreath at the annual Artillery Memorial Service.

For a full list is CMVO parades. **Click here**

FONDSINSAMELING

‘n Lid van die vereniging het sy mooi versameling militêre vlae aan die SAIV geskenk. Die doel is om hulle te verkoop om kapitaal op te bou om nuwe regalia/klerasie items te laat maak.

Die vlae sal een vir een op Facebook op te koop aangebied word. Die detail van die vlae en beplande verkoop datums is beskikbaar op die vereniging se webtuiste.

WERWING



Die SAIV het ‘n stalletjie by die jaarlikse militêre fees wat op 1 Mei 2018 by die Voortrekkermonument te Pretoria aangebied word, bespreek.
Kom maak gerus ‘n daar ‘n draai en onmoet vir Kobus Loubser en van die ander SAIV se bestuurslede.

CONTACT US

Admin: geoff@sainfantry.co.za
Recruitment: kobus@sainfantry.co.za
Website: leon@sainfantry.co.za
Facebook: craig@sainfantry.co.za

Die Redakteur
peditatus@sainfantry.co.za